Posadres: Posbus 209
Witrivier, 1240
Adres: van Riebeeckstraat 15
Witrivier, 1240
Tel: 013 750 2259
Mobile: 060 635 4706
E-pos; ned.herv@telkomsa.net

NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

**Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:**
**Gemeente Witrivier**

In Christus se voetspore

# Voorwaardes vir gebruik van nissies in die Muur van Herinnering:

- Alle nissies sal genommer word op ŉ plan en in ŉ register en nie op die vloer van die nissie nie.
- Nissies sal toegeken word in nommer volgorde.
- Nissies sal slegs vir huidige en oud lidmate beskikbaar gestel word.
- Vooruit bespreking van nissies kan gedoen word, maar nie ŉ spesifieke nissie nie aangesien die nissie in nommer volgorde toegeken sal word.
- As die aangekoopte nissie nie dadelik gebruik gaan word nie, moet die met voorgeskrewe steentjie toegemaak word.
- Koste vir die gebruik van die nissies sal R1 000 (Eenduisend Rand) beloop, ongeag dit as enkel of dubbel nis gebruik word.
- Nissies is nie verhandel baar nie.
- Indien die familie om welke redes ook al die as wil verwyder sal die gemeente slegs R100 aan die familie terugbetaal.
- Die familie is self verantwoordelik vir die "steen" / plakkie volgens die gemeente se voorskrifte.
    - Ongeveer 23 X 23 cm sodat dit in die gat pas.
    - Moet van swart graniet vervaardig word.
    - Moet gelyk met die steenwerk geplaas word, sodat dit nie sal uitsteek nie.
- Bewoording op die steen moet vooraf met die gemeente uitgeklaar word om te verseker dat dit nie die "etos" sal verstuur nie.
- Nommers van die nissie moet sigbaar in die regter onderste hoek aangebring word.
- Sleutels sal voorsien word om toegang te verleen (slegs een stel).
- Die Gemeente onderneem om sovêr dit in hulle vermoë is die tuin / muur netjies te hou. As, as gevolg van onvoorsiene redes die gemeente nie meer in staat sal wees om die as veilig te bewaar nie sal dit op ŉ waardige manier begrawe word.
- Elke familie / persoon wat van die diens gebruik wil maak moet ŉ kontrak onderteken waar mee hulle sal bevestig dat hulle aan al die bogenoemde en ander voorwaardes, soos wat later bygevoeg mag word, sal voldoen en dat hulle by die letter en gees daarvan sal hou.